**Geloofsbond van Hervormde gemeentes**

Die lidmate van Selfstandige gemeentes het met diepe teleurstelling kennis geneem van die nuutste verklaring (verwoord in omsendskrywe 11/2013) van die sogenoemde Kommissie van die Algemene Vergadering. Die besluite van die 69e AKV het duidelik tot gevolg gehad dat die NHKA 15 000 lidmate verloor het. In lyn met die Missionale benadering van die NHKA sou ‘n mens kon verwag dat die Kerk se fokus sal wees op die 10 000 wat net verdwyn het. Los nou die 5 000 wat ‘n veilige geestelike tuiste gevind het en rustig kerk is. Hiermee bied ons aan u ‘n reaksie op die omsendskrywe wat eerder lidmate moes aanspoor om die verlore siele te gaan soek. Ons doen dit na dringende versoeke deur lidmate en ampsdraers om te reageer op hierdie dokument wat in die poel van feitelike onkorrektheid tier van onreg en ongeregtigheid. In die reaksie sal ons daarna streef om nie te verval in dieselfde emosionele manipulerende en lasterlike taal van die verklaring nie. Ons moet net ter aanvang ons broeders in Christus berispe oor die kwetsende trant van die dokument. Dit lyk asof die sogenaamde KommAKV stilstaan by ‘n selfverontskuldigende voorbrand maak, ‘n voorbrand wat agter die rookwolkskerm skynbaar geskep word om ‘n terugskouende mandaat by die AKV te kan afdreig. Indien die AKV hulle optredes kondoneer, skryf die NHKA die bleke toekoms in ‘n blanko tjek vir aanstaande Kommissies om na hartelus te doen soos dit hulle behaag.

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het op sy buitengewone vergadering van 16 Augustus 2013 kennis geneem van die onlangse stigting van die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes. Hiermee word die proses van kerklike afskeiding van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA) nog 'n stap verder geneem.

Dit is deel van 'n sistematiese proses van onkerkordelike optrede en kerklike afskeiding oor die afgelope twee jaar waarvan die volgende uitgelig kan word:

Die Kommissie se volgehoue aandrang dat beswaardes se optrede neerkom op “onkerkordelike optrede en kerklike afskeiding” verstom en is van alle waarheid ontbloot. Nadat die NHKA dolerende gemeentes en lidmate summier uit die kerk uitgegooi het, kla die NHKA en die kommissie van onkerkordelike optrede en kerklike afskeiding. Wanneer sodanige gemeentes dan onafhanklik optree, word hulle gedreig met onkerkordelike optrede

en viktimisasie. Predikante en ampsdraers word gedreig met dissiplinêre stappe in so ‘n mate dat predikante bedank as predikante van die NHKA. Wanneer die steedsHervormers vra dat alle dispute by wyse van mediasie opgelos moet word, en nie in ‘n hofproses nie, weier die NHKA om te medieer, in so ‘n mate dat sekere onafhanklike gemeentes geen keuse gehad het as om die hof te nader om ‘n mediasie-ooreenkoms af te dwing, en/ of alternatiewelik die hof te vra om die NHKA te las om eerder dispute by wyse van mediasie te probeer oplos, as by wyse van hofprosesse. Twee hofsake is aanhangig gemaak **deur die NHKA self,** teen bepaalde verenigings, ten opsigte van oordragte van eiendomme aan verenigings, terwyl die kerkorde baie duidelik is dat die NHKA nie eiendomsreg oor enige eiendomme het nie, maar dat eiendomsreg berus by elke gemeente. Indien onafhanklike gemeentes, wat deur die NHKA summier uit die kerk gegooi is, met hul eie eiendomme wil handel, is die NHKA dan weer daaroor ongelukkig. Dan tree die NHKA weer op asof die gemeentes nog deel van die NHKA is.

Alles wat die beswaardes en later die steedsHervormers gedoen het, was juis as gevolg van onkerkordelike en kerkskeurende optredes en besluite deur die KommAKV en die BAKV. Die vele pogings om binne die NHKA se strukture op te tree, is telkens deur die KommAKV in die wiele gery.

Dit is ook opvallend dat elke nuwe aanval wat teen die beswaardes geloods word, begin met die gedagte dat die “proses van afskeiding voltrek is, of nog ‘n stap verder gevoer is”. Hoeveel keer word die proses dan voltrek, ten einde, ter afsluiting en ten slotte?

Die Bond is nie in Julie gestig nie, daar is net op ‘n naam besluit.

19 Augustus 2011 Eerste hofsaak teen die NHKA aanhangig gemaak deur die Hervormde Kerk Vereniging (HKV).

12 November 2011 Stigting van die sogenaamde steedsHervormers belydenisgespreksgroep.

6 Mei 2012 Eerste gemeente dra eiendom oor aan 'n vereniging.

2 Junie 2012 Die steedsHervormers verklaar 'n Staat van Belydenis teen die NHKA.

14 Junie 2012 Eerste predikant bedank, maar gaan voort om as predikant te werk.

26 Januarie 2013 Stigting van die Bond van Onafhanklike Hervormde Kerke.

28 tot 30 Julie 2013 Stigting van die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes.

Die lukraak uithaal van episodes is opvallend. Die protes het begin by die notuleer van teenstemme in Oktober 2010, dit is opgevolg met die inhandiging van die Beswaarskrif op 22 November 2010. Daarna was dit die KommAKV wat eers onkerkordelik die Beswaarskrif verwerp het en toe hulle gevra is vir redes (hulle het nooit redes verskaf vir hul verwerping nie), die benadering verander het tot die belê van die BAKV. Tussen-in was daar gemeentes wat doleer het, ‘n stap wat volgens die KommAKV, gemeentes en lidmate, buite die NKHA geplaas het. Die weiering van die toe-beswaardes dat hulle dokumente oor doleer in die agenda van die BAKV opgeneem word, is summier geïgnoreer en onvoltooide dokumente is geplaas.

Toe daardie gemeentes en lidmate wat buite die Kerk geplaas was deur die NHKA, en sodoende uitgegooi is uit die Kerk sonder enige prosedure of regsgeldige besluite, optree asof hulle reeds buite die Kerk staan, deur hul eiendomme oor te dra, en voort te gaan as onafhanklike gemeentes, word daar beweer dat hulle onkerkordelik optree – dit terwyl die NHKA se eie houding was dat hulle reeds buite die Kerk geplaas is. Ander gemeentes wat nie doleer het nie, se predikante is geviktimiseer, in so ‘n mate dat hulle geen keuse gehad het as om te bedank nie. Dominee Jaap Steenkamp moes twee hofaansoeke loods om sodanige onkerklike viktimiserende stappe te probeer keer. Die NHKA het ook self twee afsonderlike hofsake aanhangig gemaak ten opsigte van eiendomme. Daar is geweier om te medieer oor al die dispute of in gesprek te tree met die steedsHervormers en die onafhanklike gemeentes. Dit het sekere onafhanklike gemeentes genoop om ‘n hofaansoek te bring om die NHKA te dwing om te hou by ‘n ooreenkoms ten opsigte van mediasie wat gesluit was, wat die NHKA later geweier het om na te kom, alternatiewelik om die hof te vra om die NHKA te beveel om eers die mediasie pad te loop ten opsigte van al die dispute geopper in die hofsake. Daardie hofaansoek word nou deur die NHKA geopponeer – daardeur sê die NHKA hulle wil nie medieer of praat buite die hof oor die dispute nie. Dit is strydig met die NHKA se eie kerkorde.

Die KommAKV doen nie eens die moeite om die geskiedenis korrek aan te toon nie. Die konfessionele bond is tydens ‘n sH vergadering gestig op 26 Januarie 2013. By die eerste Bondsvergadering van 28 tot 30 Julie 2013 het die gemeentes bloot besluit op ‘n **naam** vir

die Bond wat reeds bestaan het maar sonder naam was en is die areas van samewerking bepaal.
Die datum rondom die oordra van die eerste eiendom is voorafgegaan deur vergaderings, besluite, kontrakte en dies meer.
Die predikante wat bedank het as predikante van die NHKA (meestal gedwing daartoe as gevolg van viktimisasie) het as predikante in selfstandige gemeentes begin werk. Wat is so moeilik om te verstaan?

Die Kommissie is bewus van talle byeenkomste en berigte waar hierdie wegbreekgroep die Kerk, predikante, dosente en ander beswadder het. Daar is tot vervelens toe valslik beweer dat die Kerk haar belydenis versaak en nou 'n ander evangelie aanhang. Hierdie optrede het baie lidmate van die Kerk verwar en op sleeptou geneem, veral omdat sommige ampsdraers geen omsendbriewe of inligting vanaf die Kommissie aan gemeentes en lidmate deurgegee het nie. Dit het tot verskeuring van gemeentes gelei, en talle lidmate is op subtiele en blatante maniere uit hul gemeentes uitgedryf. So het die eenheid van die Kerk en die eer van die Heer van die Kerk skade gely.

Die lasterlike bewerings gemaak in offisiële publikasies van die NHKA vanaf 2010 was van so ‘n erge lasterlike aard, dat ‘n verdere hofsaak deur die steedsHervormers aanhangig gemaak gaan word vir skadevergoeding teen die NHKA en diegene wat hom verteenwoordig het en lasterlike uitsprake gemaak het. Die bewerings dat die kerk die belydenis versaak het, was nie valslik gemaak nie. Dit is gebaseer op uitsprake wat predikante en teoloë van die kerk gemaak het, teen wie daar nie opgetree is nie, en ten opsigte waarvan die kerk aangedui het dat dit wel ingevolge die belydenisskrifte gedoen was. Dit sluit in bewerings dat Jesus slegs ‘n mens was, nooit werklik opgestaan het nie, nooit opgevaar het na die Hemel nie, nie uit ‘n maagd gebore was nie, ‘n ontkenning van die Drie-Enige God, en verskeie soortgelyke bewerings en geskrifte. Daaraan is niks gedoen nie. ‘n Skrywe gerig aan ‘n groot aantal predikante in die NHKA, om onomwonde aan te dui dat bogenoemde nie deel is van die teologie en belydenis van die NHKA nie, is eenvoudig net nooit beantwoord nie.
Die eerste sin van hierdie paragraaf skep die indruk van onderduimse geskinder, dit terwyl die Beswaarskrif sake onomwonde gestel het. Die Beswaarskrif kan kwalik as ‘n “valslike leer” afgemaak word. Dit is vol stellings wat gestaaf word met verwysings na die Bybel, die Belydenisskrifte en die gebruik van die NHKA. Die BAKV se besluite maak nie hierdie

Beswaarskrif minder waar nie. Die BAKV moet ontmasker word as ‘n baie duur fasade wat voorgehou word om die indruk te skep dat die Kerk die Beswaarskrif met die nodige erns ondersoek het. Die gekonkel kom egter uit in sake soos die vrae wat gestel is en tot stemming gebring is, die agenda van die BAKV en die fyn tydsberekening ten opsigte van die stemmery. Indien sekere mense die waarheid as ‘n beswaddering ervaar, is dit jammer. Die aanklagte van lidmate wat op subtiele en blatante manier uit hulle gemeentes gejaag is, is ‘n ongelukkige opmerking. Vele ingeligde beswaardes sal kan aantoon hoe hulle deur hul plaaslike gemeentes, predikante en die KommAKV geviktimiseer is. Dit is die KommAKV wat self die beswaardes uit die NHKA gegooi het, en gevra het dat hulle moet loop. (Omsendskrywe 17 van 2012). Daar is baie gemeentes wat groot getalle lidmate verloor het as gevolg van die hardhandige optrede deur die KommAKV, waarvan Mosselbaai gemeente se Stilbaaiwyk een voorbeeld is.

Dit is dus nie die optrede van die beswaardes nie, maar eerder die optrede van die NHKA self en die Kommissie, wat die eenheid van die kerk skade aangedoen het. Dit moet ook onthou word dat die beswaardes se standpunt nooit gestel kon word in enige kerklike publikasie nie, enige omsendskrywe, of op enige ander wyse, wat een lidmaat ‘n beter begrip van die dispuut in die kerk sou gegee het nie. Lidmate is eenvoudig net nooit gesê of vertel van die publikasies en aansprake van akademici en predikante soos hierbo na verwys nie.

Die Kommissie betreur hierdie optrede, en wil met hierdie skrywe vir die Kerk verduidelik wat die implikasies van die onkerkordelike optrede is wat pas uitgeloop het op die stigting van die sogenaamde Geloofsbond van Hervormde Gemeentes:

Die KommAKV se bewerings rondom onkerkordelike optrede is net so ongetoets soos die sH se verweer dat die KommAKV onkerkordelik opgetree het. Die regsgeldigheid sal in die howe getoets moet word. Daar is geen twyfel dat onkerkordelike optredes deur die Kommissie gepleeg is, en dat die steedsHervormers so naby as moontlik aan die kerkorde probeer beweeg het nie. Dit staan vas dat die aanvaarding van beskrywingspunt 54 (besluit 54) van die 69ste AKV berus op ‘n leuen. Die besluit by die BAKV het apartheid slegs van 31 Mei 1961 af verwerp, en by implikasie apartheid goedgekeur voor daardie datum. Dit is egter nooit so oorgedra of verduidelik aan gemeentes en lidmate nie. Waarom die uitsprake van lidmate wat verskil van besluite wat geneem is by die AKV enigsins onkerkordelik kan wees, word nie begryp nie. Waarom predikante geviktimiseer word en uiteindelik gedwing

word om te bedank omdat hulle verskil van die sogenaamde regsgeldigheid en korrektheid van besluit 54, en die besluit van die BAKV, en waarom dit onkerkordelik sou wees, is ook nie duidelik nie. Wat wel onkerkordelik is, is die viktimisasie van predikante en ampsdraers, wat telkens strydig met die kerkorde plaasgevind het, die weiering om op te tree teen dosente, teoloë en predikante wat uitsprake maak en geskrifte publiseer wat direk strydig is met die kerk se belydenisse, die hantering van klagtes teen professor Van Aarde, deur bloot aan te toon dat die klaer, deur die klagte in te dien, haarself buite die kerk bevind en uit die kerk uitgegooi is as gevolg daarvan. Hierdie feite is eenvoudig nooit aan die lidmate en die kerkpubliek openbaar nie. Die uitgooi van gemeentes en lidmate uit die kerk, sonder om die kerkorde te volg, is die mees skreiende verbreking van die kerkorde, maar daaroor word geswyg.

1. Die Geloofsbond formaliseer die proses van kerklike afskeiding deur te konstitueer by wyse van afvaardigings van gemeentes, en deur persone aan te wys wat 'n eie kerkorde moet opstel en 'n eie teologiese opleiding moet reël. Hulle het reeds 'n aparte sentrale bankrekening gevestig, hul eie kommunikasiekanale gestig, en nou formeel 'n mediakomitee aangewys. Daarmee is dit duidelik dat die proses van kerkskeuring ver gevorder het en dat die Geloofsbond inderdaad besig is met die stigting van 'n nuwe kerk. Die Kommissie betreur hierdie kerkskeurende optrede en die verdere versplintering van die Kerk as die liggaam van Christus.

Die KommAKV het ‘n vreemde ekklesiologie. Kerkstigting of afskeiding word nou gemeet aan sake soos afgevaardigdes, ‘n kerkorde, bankrekenings, kommunikasiekanale, ‘n Kuratorium, en ‘n mediakomitee. Dit terwyl ons nog altyd onder die indruk was dat kerk met verkondiging en sakramente te make het. Elkeen van die sake wat hulle noem, is bysake. Die kerk bestaan uit gemeentes, nie uit die Kommissie en komitees of die Algemene Kerkvergadering nie. Die Kommissie is nie soos ‘n kabinet, en die AKV soos die Parlement nie – soos verkeerdelik aangevoer die geval is deur byvoorbeeld Advokaat J Fourie - nie.
Bankrekenings – Net soos met die konsep, afgevaardigde, raak dit ‘n vreemde saak indien enige persoon of instansie met ‘n bankrekening skielik kwalifiseer as “kerk”.
Kommunikasiekanale en media komitee – Gemeentes wat dieselfde dink, mag seker kommunikeer? Die KommAKV vergeet om te noem dat SENTIK enige stem met beswaar die ewige stilswye opgelê het. Die beste voorbeeld daarvan is die verbete pogings wat

aangewend was om die sH bakkiesblad toe te maak, terwyl enige sH plasing steeds summier verwyder word van die kerk se blad, geen debat word geduld nie.
‘n Kuratorium – Reeds in die Beswaarskrif is die ongemak van sH lidmate met die teologiese opleiding aangedui. Die besware is omskep na ‘n nuwe oortreding, naamlik sogenaamde “verdagmaking van die dosente”. Dit wil amper lyk asof die opleiding te UP nou gekanoniseer word. Die feit dat soveel mense geen vertroue het in die opleiding te UP nie, is die groot dryfveer agter hierdie stap. In elk geval is dit die dosente wat hulleself verdag maak. ‘n “Kuratorium” maak steeds nie van die groep “kerk” nie.

2. Die Geloofsbond het opnuut bevestig dat hulle staan by die Staat van Belydenis wat die so-genaamde steedsHervormers reeds in Junie 2012 teen die NHKA verklaar het. Die Kommissie benadruk dat elke lidmaat wat die Staat van Belydenis onderteken of ondersteun, daardeur hul bande met die NHKA opsê en eenkant gooi.

Hierdie is weereens ‘n bevestiging dat die onafhanklike gemeentes en lidmate wat die Staat van Belydenis onderteken het of ondersteun, vroeër reeds uit die kerk uitgegooi is, en dus buite die NHKA staan sedert gemeentes doleer het, en die Staat van Belydenis onderteken en aanvaar is. Diegene wat nog nie sodanig uitgegooi is nie, is nou uitgegooi indien hulle enigsins betrokke is by die Geloofsbond.
Die Staat van Belydenis het die AKV tot orde geroep. Die KommAKV blyk moedswillig te wees deur telkens te wil beweer dat die Staat van Belydenis die NHKA en lidmate tot ketters verklaar het.
Hierdie standpunt van die NHKA bevestig die standpunt van die steedsHervormers dat die onafhanklike gemeentes en hul lidmate reeds lankal uit die kerk uitgegooi is, lank reeds voordat enige eiendomme oorgedra is na afsonderlike verenigings.

3. Die Geloofsbond se optredes maak 'n keuse tussen die NHKA en die Geloofsbond nou onvermydelik. Enige predikant, ampsdraer of lidmaat wat by die Geloofsbond betrokke is, is by 'n ander kerk betrokke en sê daardeur sy of haar lidmaatskap van die NHKA op. Dit kan tog nie anders wees nie.

Vir die gemeentes en lidmate wat reeds uit die NHKA uitgegooi is, bestaan daar nie ‘n keuse nie en het hulle geen band meer met die NHKA nie. Die NHKA het ook enige bande met

hulle opgesê, en daar is dan van die NHKA se kant af ook geen sprake van ‘n keuse nie. Hierdie paragraaf is eintlik net ‘n bevestiging dat enige persoon wat nie lid was van ‘n gemeente wat reeds uitgegooi is, of ‘n lidmaat is wat nog nie uitgegooi is op grond van die voorafgaande benadering van die NHKA nie, nou uitgegooi word indien hy of sy by die Geloofsbond betrokke is. Daar bestaan geen rede waarom ‘n persoon nie ‘n lidmaat van die NHKA kan wees en ook ‘n lid van ‘n ander kerk of Christelike organisasie nie. Daar is geen sodanige verbod in die kerkorde nie. Maar die NHKA duld geen protes of debat nie. Mag NHKA-dominees nie by die NGK of APK preek nie, eredienste bywoon nie, dagstukkies vir hulle skryf nie, hulle toespreek, of hulle basaars bywoon nie?

4. Gemeentes wat hulleself "onafhanklik" verklaar, verbreek hul bande met die NHKA en skeur die Kerk. 'n Onafhanklikheidsverklaring is 'n ondubbelsinnige en finale verwerping van die Kerkorde. Lidmate wat hierdie keuse uitoefen, hou op om lidmate van die NHKA te wees. Dit help nie eens dat 'n ouderlingevergadering met hulle praat nie, want hulle verwerp die gesag waarmee die ouderlinge beklee word om so 'n gesprek te voer.

Die herhalende emosionele klag van kerkskeuring moet van nader ondersoek word. Dit wil lyk asof die opmerking oor kerkskeuring emosioneel manipulerend is sonder om substansie te gee aan die bewering. Is dit ‘n tegniese term om strukturele verbrokkeling aan te dui? Wat is kerkskeuring? Wanneer gebeur dit? Skeur die kerk indien ‘n enkeling wegbreek, ‘n gesin wegbreek of ‘n groep wegbreek? Skeur die kerk in terme van struktuur of leerstelling? Indien ‘n gesin om watter rede ookal besluit om na ‘n ander kerk te gaan, of om ‘n huisgemeente te begin, is dit kerkskeuring? Indien ‘n hele groep, te wete die hele gemeente of die grootste deel van die gemeente besluit om hulle affiliasie te verander, skeur dit die kerk? Is dit net wanneer die gemeente hulle eiendom saamneem dat ons kan praat van kerkskeuring? Is dit kerkskeuring indien ‘n groep op hulle eie gaan weens praktiese redes, of weens teologiese redes?

Kom ons gaan kyk in die geskiedenis na voorbeelde van organisatoriese uitmekaargaan van weë. In die 11e eeu het die Roomse kerk ontstaan toe die Grieks Ortodokse kerk besluit het om weens een woordjie hulself af te sonder van die Westerse kerk. Die woordjie *filioque* (en die Seun) is volgens hulle verkeerdelik herhaal in die Niceense geloofsbelydenis. (Ek glo in die Heilige Gees, wat van die Vader en die Seun uitgaan, wat saam met die Vader en die Seun verheerlik moet word.) Sommiges kan dit ‘n klein tegniese punt noem, hulle het eerder

op hul eie aangegaan as om ‘n woordjie toe te laat wat volgens hulle die verstaan van die Triniteit verander het. Martin Luther wou eers die teologie van die Roomse kerk van binne regmaak, maar is weens weerstand gedwing om die Protestantse kerk te begin. Die skeiding van die weë kom wanneer die teologiese spanning te veel raak. Die wat by hulle oortuiging wil bly, voel genoop om hulself af te sonder van die teologie waarmee hulle nie kan saamgaan nie. *Imago Dei* is wel ‘n tegniese term, maar die verkeerde gebruik daarvan het implikasies vir die Godsleer, die Soteriologie en ander leerstukke. Wanneer het die kerk geskeur? Toe die verkeerde teologiese rigting ingeslaan is, of toe ‘n groep die organisatoriese struktuur vaarwel geroep het? Daarmee saam die vraag; is die Kerk se eenheid in leer gegrond (volgens die Geloofsbelydenis) of in die struktuur? Wat skeur die kerk, organisatoriese herskikking of leerverandering en volgehoue verkeerde leerstellings?
Hierdie is net weer ‘n bevestiging van die feit dat dolerende gemeentes, lidmate wat die Staat van Belydenis onderteken en ondersteun het, en lidmate wat betrokke is by ‘n onafhanklike gemeente en die geloofsbond, nie meer deel is van die NHKA nie en summier onkerkordelik uitgegooi is uit die NHKA en weggejaag is. Waarom word ons dan nie net uitgelos nie?

5. Kerkrade en gemeentevergaderings wat verenigings stig en hul gemeentelike eiendom (roerend en onroerend) aan so 'n vereniging oordra, tree onkerkordelik op. Hulle registreer eiendom wat volgens die Kerkorde in hul eie naam geregistreer moet word in die naam van gemeenskapsverenigings.

Hier kom ons nou by die kap van die byl. Oor al die ander sake insluitende teologie en geloof word geen tak geroer nie. Oor eiendomme en bates is die KommAKV selfs gretig om na die howe te gaan, strydig met hul eie uitleg van die kerkorde. Oor teologiese sake word geen woord in die Agenda van die 70e AKV gerep nie, anders as die versoek dat die KommAKV se blatante optredes en onbekwaamheid deur die vergadering gekondoneer moet word.
‘n Mens sukkel om te verstaan hoe kerkrade en gemeentevergaderings van gemeentes wat uit die kerk uitgegooi is, onkerkordelik kan optree as hulle nie meer deel is van die kerk nie. ‘n Mens sukkel ook om te verstaan hoekom eiendom wat in sulke gemeentes se name geregistreer is, en wat uit die kerk uitgegooi is, nou skielik aan die kerk behoort, en hoekom sulke gemeentes, wat uit die kerk uitgegooi is en buite die kerk staan, nie met hulle eiendom kan doen wat hulle wil nie.

Die probleme lê by die valse leer en teologie wat in die kerk by die agterdeur ingebring is deur besluit 54, en die gebrek aan optrede teen die dosente en teoloë wat die goddelike aard van Jesus ontken, die opstanding ontken, die maagdelike geboorte van Jesus ontken, die Hemelvaart ontken, en aanvoer dat dit blote metafore en mites is.

6. Predikante wat bedank maar voortgaan om gemeentes te bedien, is nie langer predikante van enige erkende kerk nie. Hulle behoort nie die sakramente (Doop en Nagmaal) te bedien nie. Paartjies wat deur hulle in die huwelik bevestig wil word, moet baie seker maak dat so 'n persoon wel nog by die Departement van Binnelandse Sake as huweliksbevestiger geregistreer is.

Ampsvoorregte is die besluit van die gemeente, nie die NHKA se "agentskap" nie. Predikante word tog goed opgelei. Roeping is by gemeente gesetel, nie die AKV nie. Waar in die Bybel is die bepalings rondom "erkende kerk"?

Daarmee saam is daar 'n paar vrae wat gestel moet word om net perspektief aan die saak te gee:

- Luther se pogings om die Roomse kerk reg te ruk en die Protestantse kerk wat toe gestig was het betrekking. Was die Protestantse kerk ooit deur die Roomse kerk erken, of sien die Roomse kerk steeds die Protestantse kerk as 'n kerk wat nie erken word nie? Volgens die Vatikaan is net die Roomse kerk ware kerk, hulle verwys selfs aanmatigend na hulself as die Rooms Katolieke kerk.
- Die Voortrekkers se kerk, was dit deur die Kaapse kerk erken? En die eerste leraars, is hulle erken as dienaars van die woord? Die Kaapse kerk het die Voortrekkers almal onder sensuur gesit! Daardie sensuur is tot vandag toe nog nie opgehef nie. Dit beteken dat die NG Kerk nog steeds die NHKA onder sensuur het. Benewens die feit dat die NHKA gedurende sy hele bestaan onder sensuur was, het die kerk in die geheel van sy begin tot besluit 54, in sonde kerk gehou, uit hoofde van die kerk se erkende siening van apartheid (wat apartheid ook al in hierdie konteks mag beteken).
- Het die WARC se *status Confessionis* nie neergekom daarop dat die NHKA nie as kerk erken is nie? By die 69e AKV is gestel dat die WARC eintlik die hele NHKA onder sensuur gesit het. Kom dit nie maar daarop neer dat die NHKA nie as kerk erken is nie? Beteken dit dat geen van die predikante wat na 1982 afstudeer het en gelegitimeer is, predikante is nie? Is die dope wat hulle bedien het en die Nagmaal wederregtelik bedien? Beteken dit dat geen Voortrekkerkind gedoop is nie? Wie is hierdie selferkende sondige

sensuurkerk om nou opmerkings te maak oor selfstandige gemeentes. Ons hoef nie deur mense erken te word nie, ons moet net die Here met toewyding dien.

- Waar staan dit in watter notule dat die Kaapse kerk die sensuur opgehef het wat hulle uitgeroep het oor die Voortrekkers? Dalk moet die KommAKV die NGK eers mooi vra om die sensuur op te hef.
- In 1869 het die Gereformeerde kerk die NHKA tot valse kerk, tot verdorwe geslag verklaar. Was die NHKA toe minder kerk, dalk selfs nie erkende kerk nie?
- Wat presies is ‘n erkende kerk? Is daar ‘n organisasie wat sekere kerke erken en sekeres nie? Nee daar is nie so ‘n organisasie nie. Daar bestaan nie iets soos ‘n erkende kerk nie. ‘n Kerk is ‘n gemeente. ‘n Gemeente is ‘n kerk. Opgeleide predikante kan doop en nagmaal bedien en is nie gebonde aan erkenning van die NHKA om dit te doen nie. Die NHKA het nie alleen seggenskap in Suid-Afrika oor wie mag en wie mag nie doop en nagmaal bedien nie. Die NHKA is ‘n klein kerkie in die Suid-Afrikaanse en wêreldkonteks, wat in werklikheid geen inspraak nêrens het nie. Geen predikant wat deel is van die Geloofsbond sal onwettig optree deur huweliksbevestigings te doen as hulle wel geregistreer is by Binnelandse Sake nie. Alle predikante wat deel is van die Geloofsbond het reeds geregistreer of is in die proses van registrasie. Hierdie tipe van misleiding gepleeg deur die NHKA hoort nie by ‘n kerk nie.

7. Daar is tans verskeie hofsake aanhangig gemaak tussen die NHKA en mense wat met die steedsHervormers en/of Geloofsbond van Hervormde Gemeentes assosieer. Kerkeiendom is meestal nie deur een geslag daargestel nie. Wat die wegbrekers nou doen, is om bates wat oor jare deur verskillende geslagte mense se bydrae daargestel is, te vervreem sonder dat daardie mense enigsins inspraak het. Sulke bydraers was deurgaans onder die indruk dat kerkeiendom in die naam van die Kerk, verteenwoordig deur haar gemeente, geregistreer sal word. Daarom het die naam Nederduitsch Hervormde Kerk in die titelaktes van alle kerkgeboue van gemeentes verskyn. Suiwer ter beskerming van lidmate wat geen sê in die vervreemding het nie, kan die Kommissie nie toelaat dat eiendom onkerkregtelik vervreem word nie. Die Kommissie staan ook die jongste hofaansoek teen waarin gepoog word om al die uiteenlopende sake sommer in een saak te konsolideer, veral waar gemeenskapsverenigings betrokke is wat in geen verhouding van watter aard met die Kerk staan nie. Dit is nie die Kommissie wat gefouteer het nie. Dit is die lidmate van die gemeentes wat nou lede van die verenigings is wat gefouteer het en wat verantwoording moet doen vir hul dade.

‘n Eerste reaksie kan so maklik wees: “*Wees eerlik, julle het ook hofsake begin. Die Hervormde kerkvereniging het die eerste saak begin, maar julle het die groep ouderlinge daartoe genoop*”. Kom ons probeer egter eerder om die emosies raak te sien en begin dan redeneer. Daar is op die oomblik sewe hofsake wat in verskillende stadiums van afhandeling is. Die twee dringende hofaansoeke deur Ds Jaap Steenkamp is eintlik arbeidsregtelike sake. Twee van die sake wat by die hof aanhangig gemaak is, is deur die NHKA se litigasiekomitee begin. Die emosionele argument sou nou wees om die KommAKV daarop te wys dat hulle in die afgelope twee jaar by meer as een keer in die publieke domein gestel het dat gelowiges nie hof toe gaan nie, en nou skielik begin hulle self hofsake. Die steedsHervormers moes nou so ver gaan om te probeer dat die hofsake nie in die openbaar in die hof beveg word nie, deur ‘n hofaansoek te bring om die NHKA te dwing om by hul ooreenkomste te hou wat mediasie betref, alternatiewelik om die hof te vra om die NHKA te las om die dispute eers by wyse van mediasie te probeer oplos. Dit is nie die steedsHervormers wat heeltyd hof toe hardloop nie, hulle probeer die oplossing van dispute by wyse van hofsake vermy. Dit is die NHKA wat weier om by wyse van mediasie die dispute te probeer oplos. Die Kommissie se verskoning is dat hulle nie kan toelaat dat eiendom ‘onkerkregtelik vervreem word nie”. Wie se eiendom is dit, die KommAKV s’n, die lidmate s’n of die gemeente s’n? Hulle beweer dat hulle “Suiwer ter beskerming van lidmate wat geen sê in die vervreemding het nie,” moet voortgaan. Watter lidmate het geen sê nie? Kerkordelik is dit die gemeentevergadering wat besluit oor eiendom, met die aanwesige belydende lidmate wat met ‘n meerderheid van stemme kan besluit oor eiendom. Moet die minderheid wat nie saamstem nie, “beskerm” word? Wat van al die kere wat woedende minderhede wou keer dat kerklike eiendom byvoorbeeld in die hande van Muslims beland (Brixton, Crosby, Goudrand edm)? Waarteen moet die lidmate beskerm word? Word die woord “suiwer” nie hier te maklik gebruik nie? Wat van die gemeentes waar die gemeente eenparig besluit het om eiendom te beveilig?
Bedoel die KommAKV dat die lidmate wat beskerm moet word, vorige geslagte is? Hulle beweer mos dat eiendom oor geslagte heen bekom is. Indien dit korrek is, is ons by ‘n byenes van moontlikhede. Beteken dit dat predikante regte moet kry in die eiendom wat tydens hulle bediening in ‘n gemeente bekom is? Kan lidmate wat verhuis nadat hulle groot insette gelewer het, terugkom en inspraak of regte hê oor die eiendom? Dit blyk tog absurd te wees.

Bedoel die KommAKV die vorige geslagte in terme van diegene wat reeds afgesterf het? Nou skielik is die geslagte heen die eienaars. Waar in die regstradisie kan so ‘n gedagte gevind word? Waar in die geskiedenis en die kerk kan so ‘n idee teruggevind word? Elke geslag kan tog self besluit. Ons is nie mense wat vreeslik erns het aan die voorvader geeste nie. Hierdie moontlikheid is met ander woorde net so absurd. Erger nog:
Dit is nou melodramaties om beskermheer te wil wees teenoor geslagte se arbeid, dieselfde geslagte wat volgens 54/69 ketters en sondaars was in dit wat hulle gedoen het en die manier waarop hulle dit gedoen het. 54/69 stel mos dat die kerk in die verlede teen die evangelie opgetree het. Dit kom neer op sonde. Nou wil die KommAKV pretendeer om mense wie se intensies hulle duidelik nie geken het nie en wie hulle reeds veroordeel het as sondaars, te beskerm. Ons moet eintlik vra; wil julle nie eerder dalk ontslae raak van die skynbaar sondige eiendomme nie? Bedank ons dat ons die slegte vrugte van vorige geslagte saam met ons neem. Inteendeel, waar eiendomme deur die NHKA onder apartheid bekom is, behoort die NHKA ‘n regstellende proses te begin en vergoed vir die skade van die apartheid waaraan die NHKA op hul eie erkenning skuldig was. Daar is nog baie eiendomme in sinodale besit wat ruimskoots aan die MRCC of andere gegee kan word, ten einde te vergoed vir die swaar skuldlas.
Ons dink die vorige geslagte sou ons eerder as die NHKA ondersteun het!
Kom ons staan een verdere oomblik stil by die inisiatiewe van die vorige geslagte. Ons Tuis was ‘n inisiatief om te verseker dat lidmate by aftrede ‘n bekostigbare veilige oord vir aftrede het. Die idee was om “ons eie mense” te versorg. Hoe bekostigbaar is Ons Tuis deesdae? Het Ons Tuis se direksie nie onlangs besluit om die inwoners se demografie te verander na die land s’n toe, sodat daar steeds subsidies ontvang kan word nie? Is dit hoe vorige geslagte sou wou hê ons moet werk met “bates wat oor jare deur verskillende geslagte mense se bydraes daar gestel is”?

8. Die Kommissie benadruk opnuut dat die NHKA onverkort staan by die Bybel as die Woord van God, die drie Formuliere van Eenheid en die Belydenisskrifte van die Kerk. Die Kerk duld geen leervryheid by sy lidmate, predikante of dosente nie. Die Kommissie het die opdrag om toe te sien dat die Kerkorde gehandhaaf word en besluite van die Algemene Kerkvergadering uitgevoer word.

Dit is maklik om die bewering te maak, dit is nie so eenvoudig om dit te bewys nie. Kom ons toets hierdie stelling aan die hand van die geskiedenis en die pennevrug van dosente. Reeds in 1995 stel ‘n dosent aan UP dat hy nie meer homself kan tuisvind by die belydenisskrifte nie. By ‘n werkswinkel van die komitee vir teologie stel verskeie van die “geleerdes” dat hulle nie glo dat Jesus se moeder ‘n maagd was nie en dat hulle nie dit hoef te glo nie. Aan die begin van die 69e AKV het Dr Otto en Botma ‘n beskrywingspunt onder die saak van Belydenis ingedien. Hierdie beskrywingspunt het gestel dat die AKV sekere sake in die Apostolicum net weer bevestig. Die saak is na die komitee vir teologie **verwys vir verdere studie.** Prof AG van Arde se boek “*Fatherless in Galilee*” se inhoud bring iemand wat Psalms berym het (Lina Spies) tot die punt waar sy erken dat sy nie meer kan glo soos voorheen nie. Van Aarde sê in ‘n openbare debat dat hy nie weet wie Jesus se vader is nie, terwyl ‘n klein kindjie die vraag moeiteloos kan beantwoord. Prof E van Eck gebruik gereeld in sy navorsing die Q-bron en Thomas evangelie, terwyl die NGB duidelike uitsprake maak oor die Apokriewe geskrifte. Die goedkeurende uitlatings deur ander dosente rondom ‘n saak soos homoseksualiteit staan direk teenoor die koestering van die huwelik, ‘n saak wat in die Heidelbergse kategismus rondom die hantering van die sewende gebod tuishoort.

Die Kommissie se taak is om Kerkorde te handhaaf en besluite uit te voer. Wat beteken dit en hoe is dit relevant tot hierdie paragraaf? Daar is genoegsame voorbeelde dat die KommAKV dit nie doen nie ten opsigte van die bastions van sogenaamde geleerdheid, terwyl weerstand teen ‘n periferale saak soos 54/69, die volle gramskap van die KommAKV op die “rebelle” laat ontvlam.

Hierdie is absolute nonsens. Daar bestaan openlike onbeperkte en goedgekeurde leervryheid by spesifiek die dosente en sekere predikante. Dit word aanvaar en ondersteun deur die NHKA.

Soos reeds vermeld, word enige persoon wat poog om ‘n dosent aan te kla, meegedeel dat hy/sy nie meer lidmaat van die kerk is nie, omdat die aanklag hom/haar ook buite die kerk plaas en hy/sy as gevolg daarvan uit die kerk gegooi is, soos met die klag van Advokaat Renette du Plessis teen Professor Andries van Aarde.

9. Die Kommissie wil opnuut beklemtoon dat lidmate wat tot die besef kom dat hulle mislei is om die Staat van Belydenis te onderteken of saam met hul gemeente "onafhanklik" te word, of deel gehad het aan die kerklike afskeiding terwyl hulle nie besef het dat hulle

daarmee alle bande met die NHKA opsê nie, welkom is om onverwyld met die sekretaris van die Kantoor van die Kommissie van die AKV te skakel. Die Kommissie wil nie welmenende lidmate van die Kerk vervreem nie, maar wil sy opdrag uitvoer om die orde en eenheid binne die Kerk te beskerm.

Hulle wil lidmate werf vir paddastoel onwettige en onkerkordelike gemeentes wat uit 4-20 lidmate bestaan, om nog hofsake te begin. Hierdie "ruimhartige uitnodiging" is weer eens bloot manipulasie. Vroeër is opdrag gegee dat persone wat na NHKA gemeentes wil gaan eers gesprek moet voer met ouderlinge vergaderings. Nou is dit duidelik dat hulle die seil telkens so draai dat dit 'n verskuilde agenda pas. Selfs emeriti word nou gedreig en van hulle het ook nou al reeds begin bedank uit die NHKA.

Die Kommissie van die AKV betuig sy dank teenoor die lidmate en gemeentes van die NHKA wat hulle neerlê by die besluite van die Kerk en die orde handhaaf te midde van wanorde om ons. Die Kommissie is dankbaar vir die groot getalle lidmate en ampsdraers wat hulle in die uitvoering van hul moeilike taak ondersteun. Die Kommissie is dankbaar vir die toewyding en ywer waarmee die oorgrote meerderheid van die Kerk rustig voortgaan om hul roeping in die wêreld uit te leef. Saam met die kerk van die eeue en in lyn met die geskiedenis, teologie en etos van die NHKA oor die afgelope 170 jaar, wil ons Kerk van Jesus Christus in ons wêreld wees.

Die KommAKV se bedanking verraai 'n hiërargiese verstaan van kerkwees deur te verwys na besluite van die Kerk. Lidmate en gemeentes is die hoogste gesag in 'n Presbiteraal sinodale benadering. Die AKV se taak is om gemeentes in hulle arbeid **by te staan**. Die verwysing na lidmate wat hulle neerlê by besluite, getuig van die soort van verwagting wat 'n politieke party van sy verkose lede kan voorskryf. Die insinuasie dat die gebeure rondom sH wanorde is, reflekteer eerder op die KommAKV se hantering van die saak. Juis omdat die teologie en etos van die NHKA verlaat is, het hierdie dinge gebeur.

Indien die KommAKV net bereid was tot direkte, eerlike gesprekvoering, in plaas van 'n mandaatlose komitee (die bemiddelingskomitee) kon sake heelwat anders verloop het.

Die steedsHervormers het drie (3) alternatiewe in terme van akkommodasie voorgestel (modaliteite, andersoortige gemeentes en die verwelkoming van sH as beweging oor gemeentegrense heen). Indien die KommAKV en die BAKV enigsins moeite gedoen het om

die sake te ondersoek en oop te bly vir oortuiging, kon baie onaangenaamheid en seer vermy gewees het. Daar is egter ongenaakbaar voortgegaan met viktimisasie en vervolging van lidmate, bloot omdat hulle verskil het met besluite van die NHKA, en dit hardop gesê het. Dít, is ‘n skande.

Mag die genade wees by u almal wat vir ons Here, Jesus Christus, met onverganklike liefde liefhet.

Hoe eksklusief is die implikasie van hierdie seënbede? Is dit net die dominees wat dit lees en gehoorsaam is, wat Jesus lief het en daarom aanspraak kan maak op Sy genade? Hierdie bede impliseer dat die steedsHervormers nie God liefhet nie. Dis ‘n duidelike illustrasie waarom lidmate nie meer wil deel wees van so ‘n kerk nie, en waarom gemeentes blydskap ervaar as hulle uit die kerk gegooi word.